

Die Goddelikheid van die Heilige Gees



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Handelinge 5:1-4; 1 Korintiërs 2:10, 11; Jesaja 63:10-14; Titus 3:4-6; Romeine 8:11; 1 Petrus 1:2.

Geheeteks:

“Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal!” (2 Korintiërs 13:13).

Regdeur die Bybel word die godheid van God die Vader bloot aangeneem. Ons vind hierdie waarheid verwoord in beide die Ou Testament en in die Nuwe Testament. Dit is een van die belangrikste en grondliggende van die talle waarhede wat in die Woord van God geopenbaar word.

Die godheid van Jesus word ook op baie plekke in die Skrif bevestig, veral in die verloop van die Nuwe Testament, en in beide die Evangelies en Sendbriewe. Maar die godheid van die Heilige Gees word in subtieler terme verwoord. Dit kan afgelei word uit die verskeie indirekte bybelse stellings. Hier moet ons die teksverse met mekaar vergelyk om sodoende ‘n noukeurige studie te maak van wat God in sy Woord geopenbaar het oor die Heilige Gees. Terwyl ons dit doen, behoort ons nie minder aan te neem as wat die Skrif sê nie, en behoort ons ook “binne die perke wat God gestel het” te bly (1 Kor. 4:6, Afr83). Hierdie onderwerp vereis ‘n leergierige aanslag van nederigheid; ons behoort nie ons menslike redenasies oor God die standaard te maak van die wyse waarbinne die Heilige Gees verstaan moet word nie. Ons moet eerder alles wat die Skrif bevestig aanvaar en daarvoor getuig, ongeag hoe moeilik sommige van die begrippe vir ons kan wees om ten volle te begryp.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 21 Januarie.*

Die Heilige Gees en God

Die Bybel bied nie 'n sistematiese beskrywing oor die goddelikheid van die Heilige Gees nie. Ons vind eerder interessante spore wat 'n aanduiding is dat bybelse skrywers die Heilige Gees gelyk geag het aan God. Daar is verskeie bybelse gedeeltes waar dieselfde aktiwiteit aan God en ook aan die Heilige Gees toegedig word.

Lees Handeling 5:1-4. Wat kan ons aflei oor God en die Heilige Gees uit Petrus se woorde aan Ananias?

Indien die Heilige Gees nie God was nie, sou Petrus hier op 'n baie ongeërgde en fataal misleidende wyse gepraat het. Die interessante aspek oor die aard van die Heilige Gees, egter, is die feit dat die apostel Petrus God en die Heilige Gees op dieselfde vlak plaas. In vers 3 vra hy vir Ananias waarom hy vir die Heilige Gees gelieg het, en aan die einde van vers 4 gaan hy voort: “Jy het nie vir mense gelieg nie maar vir God” (AFR83). Dis duidelik dat Petrus die Heilige Gees gelykstel aan God. Sy punt was dat Ananias nie net vir die apostels gelieg het nie, maar vir God Self ook. Die Heilige Gees is God. Die punt word hier baie duidelik gestel.

Waarom so 'n erge straf vir wat hierdie twee mense gedoen het? Ons moet onthou dat die gelowiges van die vroeë kerk in Handeling “een van hart en siel” was (Hand. 4:32). Hierdie eenheid was 'n produk van die Heilige Gees, en dis die rede waarom hulle vrylik en gewillig alles gedeel het wat hulle besit het. Om te lieg oor hierdie deling was so goed as om die eenheid van die gemeenskap te misken, asook om die Gees te misken wat hierdie eenheid bewerkstellig en moontlik gemaak het. Daarom het die leuen van Ananias en sy vrou die goddelike werk en teenwoordigheid van die Heilige Gees in die vroeë kerkgemeenskap vervals. Sulke oneerlikheid teenoor God is destruktief en verhinder die Gees van God om effektief in die lewens van gelowiges te werk. God verlang dat ons Hom onverdeelde sal dien. Aangesien die nuwe kerkgemeenskap by 'n belangrike kruispad was, het God drastiese maatreëls toegepas om te verseker dat die nuwe kerk as 'n eenheid in waarheid met mekaar sal saamwerk, terwyl hulle gewilliglik deur sy Gees gelei word.

Dink oor hoe maklik Ananias en Saffira hulle sonde kon regverdig. Hulle het mos iets van die verkoopte eiendom vir die kerk gegee? Wat is so erg daaraan om ietsie terug te hou? Watter les behoort ons uit hierdie verhaal te neem oor hoe versigtig ons moet wees oor die wyse waarop ons ons optrede regverdig?

Die Heilige Gees se goddelike eienskappe

In verskeie teksgedeeltes word die Heilige Gees beskryf met goddelike eienskappe.

Watter eienskappe en aktiwiteite van die Heilige Gees word in die volgende gedeeltes genoem, andersins, watter eienskappe kan slegs aan God toegedig word?

1 Kor. 2:10, 11; vergelyk met Jes. 40:13, 14

Ps. 139:7

Heb. 9:14; vergelyk met 1 Tim. 6:16

Luk. 1:35; Rom. 15:19; vergelyk met Ps. 104:30

In sy ondersoek na kennis van God, stem Paulus saam dat dit die Heilige Gees is wat hierdie wysheid aan ons bekend maak. Dis bykans 'n kwessie van “soort soek soort” wat Paulus hier in sy argument toepas. Slegs een wat soortgelyk aan God is kan die diep dinge van God ken (*1 Kor. 2:10, 11*). Niemand kan God beter ken as die Gees nie, want Hy ken God in sy diepste wese. Hy ken God op 'n wyse wat geen buitestaander kan ken nie. Die Heilige Gees is inderdaad alwetend. Die teenwoordigheid van die Gees is die teenwoordigheid van God. Indien ek nie na 'n plek kan vlug waar die Gees van God nie is nie, is Hy alomteenwoordig (*vergeelyk Ps. 139:7*). Die Heilige Gees word beskou as ewig (*Heb. 9:14*). Hoeveel ander ewige wesens is daar volgens die Bybel? Slegs God is ewig (*1 Tim. 6:16*). As die Gees as ewig beskou word, dan moet Hy God wees. Die Heilige Gees is ook almagtig. In Lukas 1:35 word die frases “die Heilige Gees” en “die krag van die Allerhoogste” as sinonieme konstruksies gebruik. Hier verwys dit na 'n wonderwerk in die hoogste vorm, die maagdelike bevrugting. In Romeine 15:19 verklaar die apostel Paulus dat sy bediening bereik is deur “die krag van tekens en wonders, deur die krag van die Gees van God”. Die Heilige Gees kan inderdaad goddelike wonderwerke verrig. Jesus meld ook dat lastering teen die Heilige Gees onvergeeflik is (*Matt. 12:31, 32; Mark. 3:28, 29*). Dit is onbegryplik, tensy die Gees goddelik van aard is. Maar dalk is die wonderlikste werk van die Heilige Gees sy vermoë om menslike harte en verstande te verander. Dit is die Heilige Gees wat 'n nuwe geestelike geboorte teweegbring (*Joh. 3:5-8*). Hy het die krag om iets te bewerkstellig wat slegs God kan doen.

Bybelse wenke

Daar is verskeie verwysings na die Heilige Gees in die Bybel wat uitruilbaar met verwysings na God is.

Lees Jesaja 63:10-14 en vergelyk dit met Numeri 14:11 en Deuteronomium 32:12. Na wie verwys die skrywer in hierdie gedeeltes, en wat vertel dit ons oor die goddelikheid van die Heilige Gees?

In Jesaja 63:10 was die mense wederstrewig en bedroef hulle die Heilige Gees. Maar in dieselfde weergawe van Numeri 14:11 word gesê: “Daarop het die Here aan Moses gesê: ‘Hoe lank sal hierdie volk My verag?’” En in Deuteronomium 32:12 word gemeld: “die Here alleen het hom gelei, en daar was geen vreemde god by hom nie.” Die bybelse skrywers het ooglopend vir God en die Heilige Gees op dieselfde vlak beskou. In 2 Samuel 23:2 lees ons: “Die Gees van die Here spreek in my”, terwyl die parallelle vers (vers 3) die volgende sê: “Die God van Israel het gesê”. Weer eens is die slotsom uit hierdie bybelse gedeeltes die volgende: die Heilige Gees word geag gelyk te wees aan God.

Vergelyk 1 Korintiërs 3:16, 17 met 1 Korintiërs 6:19, 20. Vergelyk ook 1 Korintiërs 12:11 met 1 Korintiërs 12:28. Hoe word die verwysings na die Heilige Gees en na God hier afwisselend en uitruilbaar met mekaar gebruik? Watter selfde eienskappe word aan beide God en die Heilige Gees toegedig?

In 1 Korintiërs 3:16, 17 gebruik Paulus soortgelyke taal as in 1 Korintiërs 6:19, 20. Vir die apostel Paulus, waarin die Heilige Gees woon, is dit dieselfde as hy sê dat God in hom woon. Deur die uitdrukking “God se tempel” gelyk te stel aan ‘n tempel “van die Heilige Gees”, lê Paulus ook klem daarop dat die Heilige Gees God is. In 1 Korintiërs 12:11 skryf Paulus dat dit die Heilige Gees is wat die geestelike gawes uitdeel aan elke gelowige. ‘n Paar verse later, in 1 Korintiërs 12:28 word ons vertel dat dit God is wat dit doen. Die basiese boodskap is duidelik: die Heilige Gees het dieselfde optrede as God. Dit is ‘n kragtige bewys dat die Heilige Gees gelykgestel word aan God.

Lees weer Numeri 14:11. Op watter wyses is hierdie vandag op ons van toepassing? Dink na oor die wonderbaarlike wyses waarop God in ons kerk gewerk het. Dink aan al die redes wat Hy ons gegee het om te glo. Hoe kan ons verseker dat ons nie vandag dieselfde doen as God se volk duisende jare gelede nie?

Die Heilige Gees se goddelike werk

Die Heilige Gees verrig sekere take, en wat die Bybel slegs aan God toeskryf. Hy is aktief in die goddelike werk van die skepping, en Hy is net so werksaam soos God in die herskepping van sondaars.

Lees Titus 3:4-6. Hoe beskryf Paulus die betrokkenheid van die Heilige Gees in die proses van herskepping?

Die Heilige Gees word in dieselfde asem genoem as “God, ons Verlosser” (*Titus 3:4*). Dit staan in die konteks van die doop (was met water om te hernu) en ons geestelike hernuwing (*Titus 3:5*). Hy is die werktuig van ons nuwe geboorte. Hy vernuwe ons harte. Hy wek by ons die begeerte op om Christus te volg. Hy is die Gees van die lewe (*Rom. 8:2*). Hy is die Een wat sondaars heiligmaak en hulle karakters transformeer. Hy help ons om gehoorsaam aan Jesus Christus, wat ons verlos het, te wees. Slegs ‘n goddelike wese is in staat daartoe om sulke wonderlike dinge te doen.

Vergelyk Jesaja 6:8-10 met Handeling 28:25-27. Aan wie skryf die bybelse skrywers hierdie goddelike spraak toe?

Daar is verskeie teksgedeeltes waarin God andersyds praat, en andersyds waarin die skrywers meld dat dit die Heilige Gees is wat praat. Dit is die Heilige Gees wat op bonatuurlike wyse die Heilige Skrifte aan ons meegedeel het (*2 Pet. 1:21*), iets wat elders beskryf word as die inspirasie van God (*2 Tim. 3:16*). Om die Skrif te kon gee, was ‘n verdere goddelike werk van die Gees.

Wat leer Romeine 8:11 ons oor die goddelikheid van die Heilige Gees?

Die Bybel verklaar dat die Heilige Gees Jesus uit die dood opgewek het, en dat Hy ons ook so sal opwek deur die Gees. Slegs God het die mag om mens uit die dood op te wek. Daarom is die Heilige Gees ook God.

Watter veranderinge kan jy maak om sodoende meer ontvanklik vir die leiding van die Heilige Gees te wees? Met ander woorde, is daar enige praktyke wat jou dalk daarvan kan weerhou om duidelik bewus te wees van sy leiding in jou lewe?

Die belangrikheid van sy goddelikheid

Wat sou ontbreek indien die Heilige Gees nie God was nie? Indien die Heilige Gees nie ten volle God is nie, sal dit rampspoedige implikasies vir ons verlossing en aanbidding inhou. Die Bybel sê vir ons dat die Heilige Gees verantwoordelik is vir die herlewing van gelowiges. Hy woon in hulle en vul hulle. Hy vernuwe ons denke en verander ons karakter. Hy besit die mag om lewend te maak uit die dood. Hy maak Christus se volgelinge soos God is: heilig. Indien die Heilige Gees nie God is nie, hoe kan ons daarvan seker wees dat Hy enige van hierdie dinge kan doen, en dan boonop nog op so 'n wyse dat hulle vir God aanneemlik is?

Lees 1 Petrus 1:2; 2 Korintiërs 13:14; en Matteus 28:18, 19. Wat vertel dié feit ons as dit gemeld word dat die Heilige Gees sy-aan-sy is met God die Vader, en Jesus Christus, die Seun, in die doop en toewyding, en oor die plek van die Heilige Gees in die verering en aanbidding van God?

Die goddelikheid van die Heilige Gees stel ons in staat om op verskeie gepaste wyses met Hom te verkeer wat Hom die erkenning gee vir wie Hy waarlik is. Sy goddelikheid is die vooronderstelling van 'n God-gesentreerde geestelikheid. Die Nuwe Testamentiese kerk meld sonder skroom dat die Heilige Gees sy-aan-sy staan met die twee ander lede van die Godheid. Die Heilige Gees beklee dieselfde rang en posisie in die handeling van die doop as wat die Vader en die Seun doen. Die doop het 'n diepgaande geestelike betekenis en is 'n instelling van diepgaande aanbidding. Wat waar is in die handeling van die doop, is net so waar van die apostoliese seëning. Dis 'n aanroep van aanbidding waar die Heilige Gees, net soos die Vader en die Seun ook geloof word. Al drie persone van die Godheid word langs mekaar genoem en word gelykmatig bevestig.

Die Heilige Gees is bevestig as 'n ware objek van aanbidding in die Nuwe Testament, nie slegs in die doop en die apostoliese geloofsbelydenis nie, maar ook in die gedurige vereiste dat ons Hom gehoorsaam as goddelike onderwyser en heiligmaker. Maak dit saak dat die Heilige Gees God is? Ja, verseker! As ons weet wie Hy waarlik is, en Hom herken en erken as sy godheid, dan sal ons sy werk eer en op Hom staatmaak vir ons eie persoonlike groei en heiligmaking.

Dink na oor die betekenis daarvan dat die Heilige Gees, en God Self, werksaam is in jou lewe. Watter groot beloftes word hier gevind deurdat ons weet dat God in ons werk om ons te verander om te wees wat ons in Hom kan wees? Waarom is dit 'n bemoedigende en bevestigde waarheid?

Verdere leeswerk:

Lees Ellen G. White, “*Misrepresentations of the Godhead*,” pp. 613-617, in *Evangelism*. Soos ons hierdie week gesien het, is die bybelse bewyse vir die goddelikheid van die Heilige Gees baie oortuigend. Die Heilige Gees is God. Maar onthou: wanneer oor die Heilige Gees gedink word, het ons te make met ‘n goddelike misterie. Ons herbeklemtoon die punt: net soos ons nie God en sy aard ten volle kan verklaar nie, moet ons teen die versoeking waak om ons menslike begrip op die wese van God af te druk. Die waarheid strek ver verby menslike begrip, veral wanneer daardie waarheid handel oor die aard en karakter van God Self. Terselfdertyd is geloof in die goddelikheid van die Heilige Gees van meer betekenis as om bloot die basiese onderrig van die Drie-eenheid te aanvaar. Dit sluit faktore in soos die reddingswerk van God soos dit deur die Vader gestel (of opdrag gegee word) is en deur die Seun met die krag van die Gees bewerkstellig word. “Dis nie noodsaaklik vir ons om presies te kan beskryf wat die Heilige Gees is nie . . . Die aard van die Heilige Gees is ‘n verborgenheid. Mense kan dit nie verklaar nie, want God het dit nie aan hulle geopenbaar nie. Mense met onwerklike idees kan skrifgedeeltes saamflans en daar ‘n menslike uitleg aan gee, maar dit sal die gemeente nie versterk om hierdie idees aan te neem nie. Aangaande sulke verborgenhede wat vir die menseverstand onpeilbaar is, is swygsaamheid goud werd.” – Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, pp. 51, 52.

Vrae om te bespreek:

1. Die Oostenrykse filosoof, Ludwig Wittgenstein skryf: “Waaroor ons nie kan praat nie, moet oorgaan in stilte.” Al was hierdie woorde in ‘n totaal verskillende konteks gesê as waaroor Ellen G. White hierbo geskryf het, bly die beginsel dieselfde. Daarom is dit beter om te swyg oor aspekte van God en van geestelike waarhede in die algemeen, indien dit nie deur goddelike Inspirasie geopenbaar is nie.
2. Soms is dit van hulp om oor ‘n teologiese posisie te reflekteer deur die volgende vraag te vra: “Wat sou verlore gaan indien hierdie voorstel onwaar was?” Byvoorbeeld: “Wat sou verlore wees indien Christus nie goddelik was nie?” En aangaande die Heilige Gees, dink oor hierdie vraag: “Wat sou verlore wees indien die Heilige Gees nie ten volle God is nie?”
3. Wat sê die volgende aanhaling vir ons op ‘n praktiese vlak? “Die Heilige Gees wat ons moet vul, is nie een of ander vae invloed of verborge krag nie. Hy is ‘n goddelike Persoon, wat met diepe nederigheid, eerbied en gehoorsaamheid aanvaar moet word. Daarom is dit nie ‘n kwessie van ons wat meer van Hom moet hê nie, maar dat Hy meer van ons sal hê, ja, alles wat ons is en het.” – LeRoy Edwin Froom, *The Coming of the Comforter*, p. 159.

